Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2024

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IHISTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraam in die KABV–dokument.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN LENIN SE NUWE EKONOMIESE BELEID OP DIE RUSSIESE EKONOMIE?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *Nuwe Ekonomiese Beleid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Lys uit die bron, TWEE redes vir die bekendstelling van die Nuwe Ekonomiese Beleid. (2 x 1) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, was die DRIE hoofveranderinge van die NEB wat die ekonomie gehelp het om te verbeter? (3 x 1) (3)

1.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom jy dink die kleinboere die NEB met graagte verwelkom het. (2 x 2) (4)

1.1.5 Lewer kommentaar op die stelling: 'die NEB verteenwoordig ŉ tydelike terugtrekking van Rusland se vorige beleid van uiterste sentralisasie en doktrinêre sosialisme'. (1 x 2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Definieer die term *rekwisisie* in die konteks van die Russiese ekonomie. (1 x 2) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word deur die stelling: "om asemhaling te bied vir die Russiese volk en ŉ ekonomie op die rand van ineenstorting na sewe jaar van oorlog." (1 x 2) (2)

1.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die impak van die NEB in Rusland te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.2.4 Haal uit die bron aan, die TWEE ryk klasse wat as gevolg van die NEB na vore gekom het. (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 In watter jaar, volgens die bron, was graanproduksie die hoogste? (1 x 1) (1)

1.3.2 Haal uit die bron aan die jaar waarin steenkoolproduksie op sy laagste in Rusland was. (1 x 1) (1)

1.3.3 Watter boodskappe word in die bron oor die NEB oorgedra? (2 x 2) (4)

1.3.4 Lewer kommentaar oor die beperkings van die bron aan 'n historikus wat die impak van die NEB in Rusland van 1921 tot 1928 navors. (1 x 2) (2)

1.4 Verwys na Bron 1D.

1.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat bewys dat die NEB 'n positiewe impak op die Russiese ekonomie gehad het. (1 x 1) (1)

1.4.2 Wat, volgens die bron, was die oorspronklike plan van die NEB? (1 x 2) (2)

1.4.3 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik die gevare van kapitalisme waarna Lenin verwys het. (2 x 2) (4)

1.4.4 Lewe kommentaar op wat geïmpliseer is deur die stelling: "hulle sal winste uit jou druk ..." (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1B en Bron 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C met betrekking tot die impak van die Nuwe Ekonomiese Beleid in Rusland ondersteun. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie verduidelik. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 2: HOE HET ROOSEVELT SE NUWE BEDELING GEREAGEER OP DIE EKONOMIESE UITDAGINGS WAT DEUR DIE GROOT DEPRESSIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GESKEP IS VANAF DIE 1930's TOT DIE 1940's?**

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die Nuwe Bedeling in die 1930's in Amerika gestig? (1 x 2) (2)

2.1.2 Definieer die konsep *laissez faire* in die konteks van die VSA se ekonomie. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem DRIE agentskappe wat die Verenigde State van Amerika gebruik het om die ekonomie te verbeter. (3 x 1) (3)

2.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis, en verduidelik hoe die Nuwe Bedeling die VS ekonomie sal verbeter. (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Hoe, volgens die bron, het die volgende agentskappe onderskeidelik gehelp om die toestand in Amerika te verbeter?

(a) PWA

(b) FERA (2 x 1) (2)

2.2.2 Wat, volgens die bron, was die ander agentskappe wat in die Verenigde State van Amerika gebruik is om lyding in die ekonomie te verlig? (3 x 1) (3)

2.2.3 Definieer die konsep *vergoeding* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.4 Lewer kommentaar oor hoe president Roosevelt probeer het om die houding van die Amerikaners tydens die Groot Depressiejare te verander. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, was die belangrike prestasies van die Nuwe Bedeling? (2 x 1) (2)

2.3.2 Wat word geïmpliseer deur die stelling: 'depressies sou nie vanself verdwyn nie?' (2 x 2) (4)

2.3.3 Hoekom dink jy het die VS-ekonomie wel 'n hupstoot van die Nuwe Bedeling gekry? (2 x 2) (4)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Nuwe Bedeling Amerikaanse mense tydens die Groot Depressie gehelp het. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto uitgebeeld word. (2 x 2) (4)

2.4.2 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die sukses van die Nuwe Bedeling in die verbetering van die VS-ekonomie ondersoek. (1 x 2) (2)

2.4.3 Vergelyk Bron 2B en Bron 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die suksesse van die Nuwe Bedeling in die Verenigde State van Amerika weerspreek. (1 x 2) (2)

2.5 Gebruik die inligting uit relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe Roosevelt se Nuwe Bedeling gereageer het op die ekonomiese uitdagings wat deur die Groot Depressie in die VSA in die 1930's tot die 1940's geskep is. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSETEORIEË OOR NAZI RASSEBELEID IN DIE 1930's EN 1940's?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die begrip *Ariës* in die konteks van Duitsland. (1 x 2) (2)

3.1.2 Haal DRIE groepe mense uit die bron aan wat deur die Nazi-rassebeleid geteiken is. (3 x 1) (3)

3.1.3 Hoe, volgens die bron, sou Duitsland diegene wat geteiken sou word, verifieer? (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom Duitsers so bekommerd oor die nie-Ariëse kwessie was. (2 x 2) (4)

3.1.5 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word deur die stelling: "om die geskiktheid van potensiële gades vir lede van die SS te bepaal". (2 x 2) (4)

3.2 Oorweeg Bron 3B.

3.2.1 Definieer die term *diktatorskap* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.2 Hoe, volgens die bron, het die Nazi's die langdurige droom van die eugenetici vervul? (1 x 2) (2)

3.2.3 Haal uit die bron die wetgewing aan wat sterilisasie en ander segregasie-praktyke in Duitsland in die 1930's toegelaat het. (1 x 2) (2)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Nazi's mense se regte met betrekking tot die sterilisasieproses misbruik het. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Haal uit die bron die letterlike betekenis van 'eutanasie' aan. (1 x 1) (1)

3.3.2 Wat, volgens die bron, was die doelwitte van die eutanasieprogram in Nazi-Duitsland? (2 x 1) (2)

3.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom eutanasie nie 'n "goeie dood" in Nazi-Duitsland was nie. (2 x 2) (4)

3.3.4 Verduidelik waarom die gesondheidsowerhede die ouers van kinders met gestremdhede aangemoedig het om hul jong kinders in een van 'n aantal spesiaal aangewese pediatriese klinieke op te neem. (1 x 2) (2)

3.3.5 Hoekom dink jy het die Nazi's nie die werklike doel van die privaat-klinieke aan die ouers van die kinders wat opgeneem is, bekend gemaak nie? (1 x 2) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.4 Oorweeg Bron 3D.

3.4.1 Hoekom, volgens die bron en jou eie kennis, is Helene vermoor? (2 x 2) (4)

3.4.2 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron aan 'n historikus wat die impak van pseudo-wetenskaplike rassisme in Duitsland navors. (1 x 2) (2)

3.4.3 Vergelyk Bron 3C en Bron 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3D met betrekking tot die eutanasieprogram in Duitsland ondersteun. (1 x 2) (2)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van pseudo-wetenskaplike rasseteorieë op Nazi-rassebeleide in die 1930's en 1940's verduidelik. (6)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 100**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940: GEVALLESTUDIE – STALIN SE VYFJAARPLANNE

Joseph Stalin het die ekonomie van die Sowjetunie teen die einde van 1939 deur ŉ reeks vyfjaarplanne verbeter.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

Bespreek krities die sosiale en ekonomiese impak van die Groot Depressie en hoe die Verenigde State van Amerika daarop gereageer het.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE 19$^{de}$ EN 20$^{ste}$ EEUE: GEVALLESTUDIE – HITLER EN DIE JODE

In watter mate het die Nazi-Duitsland die rasse-idees en eugenetika gebruik om die regte van alle 'nie-Ariërs en ongewenstes' in Nazi-Duitsland van 1933 tot 1945 te teiken en te skend?

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2024

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

*IHISTA3*

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN LENIN SE NUWE EKONOMIESE BELEID OP DIE RUSSIESE EKONOMIE?

### BRON 1A

Die bron hieronder is 'n artikel, geskryf en feite gekontroleer deur die Redakteurs van Encyclopedia Britannica, VSA. Dit verduidelik die agtergrond van die Nuwe Ekonomiese Beleid wat in Rusland ingestel is vanaf 1921 tot 1928.

Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB), die ekonomiese beleid van die regering van die Sowjetunie van 1921 tot 1928, wat 'n tydelike terugtrekking van sy vorige beleid van uiterste sentralisasie (streng beheer) en doktrinêre sosialisme (kommunistiese beginsels) verteenwoordig. Die beleid van Oorlogskommunisme, in effek sedert 1918, het teen 1921 die nasionale ekonomie tot die punt van totale ineenstorting gebring. Die Kronstadt-rebellie van Maart 1921 het die Kommunistiese Party en sy leier, Vladimir Lenin, oortuig van die noodsaaklikheid om terug te trek van sosialistiese beleide om die party se mag in stand the hou. Gevolglik het die 10de Partykongres in Maart 1921 die maatreëls van die Nuwe Ekonomiese Beleid ingestel.

Hierdie maatreëls het die terugkeer van die meeste landbou, kleinhandel en kleinskaalse ligte nywerhede na privaatbesit en bestuur ingesluit, terwyl die staat beheer oor swaar nywerhede, vervoer, bankwese en buitelandse handel behou het. Geld is in 1922 weer in die ekonomie ingebring (dit is onder Oorlogskommunisme afgeskaf).

Die kleinboere is toegelaat om hul eie grond te besit en te bewerk, terwyl hulle belasting aan die staat betaal het. Die Nuwe Ekonomiese Beleid het 'n mate van stabiliteit in die ekonomie heringestel en die Sowjetmense toegelaat om te herstel van jare van oorlog, burgeroorlog en regeringswanbestuur. Die klein sakemanne en bestuurders wat in hierdie tydperk gefloreer het, het as NEB-manne bekend gestaan.

Maar die NEB is deur die Sowjet-regering beskou as bloot 'n tydelike hulpmiddel (maatreël) om die ekonomie te laat herstel terwyl die Kommuniste hul houvas op mag verstewig (versterk) het.

[Uit https://www.britannica.com/money/New-Economic-Policy-Soviet-history. Toegang op 11 Mei 2024 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1B**

Die bron hieronder handel oor die prestasies van die Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB) wat deur Vladimir Lenin in die Sowjetunie tussen 1921 en 1928 ingestel is.

Die vervanging van rekwisisie met ŉ vaste belasting, tesame met die terugkeer van markhandel en ŉ herleefde geldeenheid, het aan kleinboere ŉ aansporing gebied om harder te werk en meer te produseer. As gevolg hiervan het die vlak van landbouproduksie aansienlik begin styg. Kleinboere wat meer geproduseer het, het surplusgoedere en kontant begin bekom, wat hulle gebruik het om meer grond te koop of arbeid te huur.

ŉ Nuwe klas kleinboere, die koelakke, ŉ groep wat lank in Bolsjewitiese propaganda gedemoniseer (afgekraak) is en deur die Rooi Leër en CHEKA vervolg is, het weer begin verskyn. Nog ŉ groep oppertunistiese middelmanne en kleinhandelaars het ook tydens die NEB-tydperk na vore gekom. Gedoop die NEB-manne, was hulle meestal winkeliers, verkoopsmanne en markstalletjiehouers wat items groothandel of tweedehands bekom het en dit dan vir ŉ wins verkoop het, ŉ kapitalistiese aktiwiteit wat streng verbode was voor 1921.

… Vier jaar van die NEB het produksie tot 72,5 miljoen ton laat toeneem. Daar was deurlopende verbeteringe in nywerheidsproduksie en die lone van nywerheidswerkers het tussen 1921 en 1924 verdubbel. In November 1921 het die Sowjet-regime geldeenheidhervormings ingestel wat inflasie sou ondersteun en vertroue in die roebel (Sowjet-geldeenheid) sou herstel. Die belangrikste is dat beskikbaarheid van voedsel in die stede herstel is.

… Lenin het gereageer deur die NEB te regverdig as ŉ tydelike maatreël, wat bedoel is om "asemhalingspasie" vir die Russiese volk en ŉ ekonomie op die rand van ineenstorting na sewe jaar van oorlog, te bied.


[Uit https://alphahistory.com/russianrevolution/new-economic-policy-nep/ Toegang op 10 Mei 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

Die grafiek hieronder dui die Landbou- en Nywerheidsproduksie aan na die bekendstelling van die NEB in Rusland, 1921–1928. Die grafiek is deur Walter Durranty, 'n Amerikaanse joernalis, geteken.




[Uit M. Fernandez et al, Focus History Grade 11, 2012]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 1D

Die bron hieronder is ŉ uittreksel uit ŉ joernaal oor Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid geskryf deur Helene M. Glaza, 2009 Vol 1 No11. Die bron fokus op die debatte rondom die impak van die Nuwe ekonomiese Beleid (NEB).

… Die NEB is meesterlik ontwerp om kapitaal in die staat in te bring, wat dit gedoen het, en om dit ekonomies te help floreer. Sommige sosialiste meen egter dat dit moontlik te ver gegaan het met sy vryemark-ekonomiese styl en moontlik daartoe gelei het dat die Sowjetunie permanent ŉ kapitalitiese ekonomie besit wat die sosialitiese prioriteit sou vernietig het. Die oorspronklike plan was egter om kapitalisme in plek te hê totdat die ekonomie sterk genoeg was om sosialisme te bereik.

Alhoewel dit duidelik is, deur diepgaande ontleding van sy dokumente en die sterk uitdrukking van sy oortuigings in Kommunisme en teen imperialisme en kapitalisme wil dit voorkom asof Lenin ŉ byna paranoïse angs van die kapitaliste gehad het. Dit is nie net dat hy die gevare van kapitalisme erken en die onvermydelike kans dat daar diegene sal wees wat nie met Kommunisme sal saamstem nie, maar daar is onmiskenbare bewyse dat dit werklik ŉ ware vrees vir hom was. ŉ Voorbeeld van hierdie paranoia is wanneer hy praat oor hoe die Sowjet-mense nou sy aan sy met die kapitaliste sal moet werk, en hoe dit moeilik sal wees om hulle uit ŉ skare te kies. Maar die feit dat "Hulle winste uit jou sal druk …" en dat "hulle hulself sal verryk, wat saam met jou werk".

Ongelukkig sou die Nuwe Ekonomiese Beleid van korte duur wees, want na Lenin se dood in Januarie 1924 is Stalin se berugte Vyfjaarplanne by die Sowjetunie ingeboesem. Onmiddellik is die Nuwe Ekonomiese Beleid laat vaar; dit sou beide goed en sleg blyk te wees. Op ŉ manier het die NEB inderdaad die Sowjet-ekonomie verbeter, maar eers terug na die vlakke waarop dit tydens die Eerste Wêreldoorlog was. Die kleinboere het aan die verwagtinge van die regering voldoen (dit wil sê, nie voldoen aan hul deel van die ooreenkoms oor die voorwaardes van die vryemarkstylekonomie nie), wat beteken het dat hoewel vordering gemaak is in vergelyking met die wanhoop van die dae van Oorlogkommunisme, nie genoeg vordering gemaak is nie. In Stalin se gedagtes, moes die NEB gaan!

[Uit https://www.inquiriesjournal.com/articles/1670/lenins-new-economic-policy-what-it-was-and-how-it-changed-the-soviet-union. Toegang op 15 Mei 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HOE HET ROOSEVELT SE NUWE BEDELING GEREAGEER OP DIE EKONOMIESE UITDAGINGS WAT DEUR DIE GROOT DEPRESSIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GESKEP IS VANAF DIE 1930's TOT DIE 1940's?

### BRON 2A

Die bron hieronder verduidelik die redes waarom Roosevelt die Nuwe Bedeling in die Verenigde State van Amerika in die 1930's bekend gestel het.

Die Nuwe Bedeling, … het opgetree om onmiddellike ekonomiese verligting te bewerkstellig sowel as hervormings in nywerheid, landbou, finansies, waterkrag, arbeid en behuising, wat die omgang van die federale regering se aktiwiteite aansienlik vergroot het. Die term *nuwe bedeling* is geneem uit Roosevelt se toespraak wat die Demokratiese benoeming vir die presidentskap op 2 Julie 1932 aanvaar het. In reaksie op die ondoeltreffendheid van die administrasie van pres. Herbert Hoover in die bewuswording van die verwoestings van die Groot Depressie, het Amerikaanse kiesers die volgende November oorweldigend ten gunste van die Demokratiese belofte van 'n 'nuwe bedeling vir die vergete man (burger)' gestem.

In teenstelling met die tradisionele Amerikaanse politieke filosofie van laissez-faire, het die Nuwe Bedeling oor die algemeen die konsep van 'n regeringsgereguleerde ekonomie omhels wat daarop gemik is om 'n balans tussen botsende ekonomiese belange te bereik. Die nuwe administrasie se eerste doelwit was om die lyding van die land se groot aantal werklose werkers te verlig.

Openbare werke-agentskappe soos die Works Progress Administration (WPA), en die Civilian Conservation Corps (CCC), is geskep om nood- en korttermyn-regeringshulp uit te reik om tydelike werk te verskaf … Voor 1935 het die Nuwe Bedeling op die herlewing van die land se geteisterde besighede en landbougemeenskappe gefokus. Om nywerheidsaktiwiteite te laat herleef, het die National Recovery Administration (NRA) magtiging gekry om industriële kodes te help vorm wat handelspraktyke, lone, ure, kinderarbeid en kollektiewe bedinging beheer. Die Nuwe Bedeling het ook probeer om die land se finansiële hiërargie te reguleer om 'n herhaling van die aandelemark-ineenstorting van 1929 en die massiewe bankmislukking, te vermy.

[Uit https://www.britannica.com/summary/New-Deal-Causes-and-Effects. Toegang op 11 Mei 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die bron hieronder fokus op hoe die Nuwe Bedeling sommige van die uitdagings hanteer het wat die Groot Depressie in Amerika in die 1930's gestel het.

In 1933 het die nuwe president, Franklin D. Roosevelt, 'n lug van selfvertroue en optimisme gebring wat die mense vinnig om die vaandel van sy program, bekend as die Nuwe Bedeling, laat saamtrek het. 'Die enigste ding wat ons het om te vrees, is vrees self' het die president verklaar in sy intreerede aan die nasie. *Laissez-faire* is 'n Franse frase wat beteken … Roosevelt het ongekende massa werkloosheid in die gesig gestaar. Teen die tyd dat hy die amp aangeneem het, was meer as 13 miljoen Amerikaners, – meer as 'n kwart van die arbeidsmag, sonder werk.

'n Vroeë stap vir die werkloses het gekom in die vorm van die Civilian Conservation Corps (CCC), 'n program wat verligting het vir jong mans tussen 18 en 25 jaar oud gebring.

'n Openbare Werke-administrasie (Public Works Administration) (PWA) het werk verskaf aan geskoolde konstruksiewerkers op 'n wye verskeidenheid van meestal medium- tot grootskaalse projekte. Die Tennessee Valley Authority (TVA) het die verarmde Tennesseeriviervallei gebied ontwikkel deur 'n reeks damme vir vloedbeheer te bou … Die Federal Emergency Relief Agency (FERA), wat van 1933 tot 1935 in werking was, het direkte verligting aan honderduisende mense versprei, gewoonlik in die vorm van direkte betalings.

In 1933, het Kongres die Landbou-Aanpassingswet (Agricultural Adjustment Act) (AAA) aanvaar om ekonomiese verligting aan boere te bied. Die AAA het voorgestel om oespryse te verhoog deur boere 'n subsidie te betaal om te vergoed vir vrywillige besnoeiïngs in produksie. Die regering het hulp verleen in die vorm van die Grondbewaringsdiens (Soil Conservation Service) wat in 1935 gestig is. Plaaspraktykte wat die grond beskadig het, het die impak van die droogte vererger.

[Uit https://www.ncpedia.org/anchor/roosevelt-and-new-deal. Toegang op 15 Mei 2024 verkry]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2C**

Die bron hieronder is deel van ŉ toespraak wat deur Allan Winkler, ŉ Professor van Geskiedenis, voor die VS-senaatkomitee gemaak is. Dit fokus op die prestasies en mislukkings van die Nuwe Bedeling.

Die Nuwe Bedeling was verantwoordelik vir ŉ paar kragtige en belangrike prestasies. Dit het mense weer aan die werk gesit. Dit het kapitalisme gered. Dit het geloof in die Amerikaanse ekonomiese stelsel herstel, terwyl dit terselfdertyd ŉ gevoel van hoop by die Amerikaanse volk laat herleef het. Maar ekonomies was dit minder suksesvol. Monetêre beleid, soos Christina Romer voorgestel het, het die grootste verskil gemaak. Fiskale (ekonomiese) beleid het nie regtig gewerk nie, want dit is nie regtig beproef nie. Waarom het die Nuwe Bedeling dan nie ekonomiese herstel behaal nie?

Basies het John Maynard Keynes aangevoer dat depressies nie vanself sal verdwyn nie. Dit was eerder nodig om aggressief op te tree om die ekonomie aan die gang te kry. Ideaal gesproke, moet sulke optrede van die privaatsektor kom. Maar as so ŉ reaksie nie kom nie, kan die regering eerder optree. Dit kan massiewe bedrae geld aan openbare werke of ander projekte bestee, of belasting verlaag, of albei.

Sedert die laat 1930's het konvensionele wysheid gemeen dat president Franklin D. Roosevelt se "Nuwe Bedeling" gehelp het om die einde van die Groot Depressie te bewerkstellig. Die reeks sosiale en staatsbestedingsprogramme het wel miljoene Amerikaners laat werk aan honderde openbare projekte regoor die land. Maar in die 80 jaar sedert die Groot Depressie formeel in Junie 1938 verby verklaar is, het historici en ekonome voortgegaan om die ware meriete van die Nuwe Bedeling te debatteer en of, in werklikheid, die radikale regeringsbestedingsprogramme ŉ einde aan die grootste ekonomiese afswaai in die geskiedenis gebring het.

Die Nuwe Bedeling het dikwels op teenproduktiewe maniere gewerk, ten minste ekonomies. Die Nuwe Bedeling het ook sakemanne vervreem, iets waarteen Keynes gewaarsku het. Kortliks, fiskale beleid het nie gewerk nie, want dit is nooit werklik beproef nie. Die werkloosheidskoers het nooit onder 14 persent gedaal nie, en vir die hele dekade van die 1930's was dit gemiddeld 17 persent.

[Uit https://www.history.com/topics/great-depression/works-progress-administration. Toegang op 15 Mei 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2D**

Die bron hieronder wys VS werklose mans van verskillende ouderdomme wat toustaan buite 'n sopkombuis wat in Chicago tydens die Groot Depressie geopen is.




[Uit https://www.dailysignal.com/2014/09/28/new-deal-end-great-depression/ Toegang op 30 Mei 2024 verkry]


Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSETEORIEË OP NAZI RASSEBELEID IN DIE 1930's EN 1940's?

### BRON 3A

Die bron hieronder verskyn in die Holocaust Encyclopedia, USA Holocaust Memorial Museum. Dit verduidelik die Nazi-rasseoortuigings en -beleide, insluitende die implementeringsplanne.

Rassisme het Nazi-ideologie en -beleid aangevuur. Die Nazi's het die wêreld beskou as opgedeel in mededingende minderwaardige en superieure rasse, wat elkeen sukkel om oorlewing en oorheersing. Hulle het geglo dat die Jode nie 'n godsdienstige denominasie was nie, maar 'n gevaarlike nie-Europese "ras". In die vroeë twintigste eeu is sulke sienings oor ras in baie dele van die wêreld algemeen aanvaar.

Volgens Nazi-teorieë oor ras, was dit veronderstel dat Duitsers en ander Europeërs meerderwaardige (beter) fisiese en geestelike eienskappe gehad het. Hulle het Europese volke as "Ariërs" beskou, wat afstam van die antieke Indo-Europeërs wat hulle regdeur die Europese vastelande sowel as in Iran en Indië gevestig het.

Rasse-antisemitisme is die vooroordeel teen, of haat van Jode gebaseer op 'n valse wetenskaplike teorie. Nazi-rassiste het die geestelik en fisies siekes beskou as vlekke op die genetiese landskap van die sogenaamde meesterras en, wanneer hulle voortplant, as 'n biologiese gevaar vir die suiwerheid van die Ariese ras.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Nazi-geneeshere valse mediese eksperimente uitgevoer om fisiese bewyse van Ariese meerderwaardigheid en nie-Ariese minderwaardigheid te identifiseer. Ten spyte van die ontelbare nie-Ariese gevangenes wat in die loop van die eksperimente doodgemaak was, kon die Nazi's geen bewyse vind vir hul teorieë van biologiese rasverskille tussen mense nie.

In 1931 het die SS (Schutzstaffel; die elite-wag van die Nazi-staat) 'n Ras en Nedersettingskantoor gestig om rasse-"navorsing" te doen en om die geskiktheid van potensiële gades vir lede van die SS te bepaal. Nadat die Nazi's aan bewind gekom het, het hulle die Neurenberg-rassewette in 1935 goedgekeur, wat 'n sogenaamde biologiese definisie van Joodsheid gekodifiseer (saamgestel) het.

[Uit https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/nazi-racism-an-overview Toegang op 20 Mei 2024 verkry]

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 3B

Die bron hieronder verwys na die sterilisasiebeleid wat deur die Nazi's gebruik is om rassuiwerheid in Duitsland te behou.

Op 14 Julie 1933 het die Nazi-diktatorskap die jarelange drome van eugenetika-voorstanders verwesenlik deur die Wet vir die Voorkoming van Nageslag met Oorerflike Siektes ("Oorerflike Gesondheidswet") uit te voer. Die nuwe Nazi-wet is mede-outeur (ook geskryf) deur Falk Ruttke, 'n prokureur, Arthur Gütt, 'n geneesheer en direkteur van openbare gesondheidsake, en Ernst Rüdin, 'n psigiater en vroeë leier van die Duitse rassehigiënebeweging.

Individue wat aan die wet onderworpe was, was daardie mans en vroue wat "gely" het aan enige van nege toestande wat veronderstel is om oorerflik te wees: swaksinnigheid, skisofrenie, manies-depressiewe versteuring, genetiese epilepsie, Huntington se chorea ('n dodelike vorm van demensie), genetiese blindheid, genetiese doofheid, ernstige fisiese misvorming en chroniese alkoholisme.

Spesiale oorerflike gesondheidshowe het 'n aura (atmosfeer) van regverdigheid aan die sterilisasiemaatreël verleen, maar die besluit om te steriliseer was roetine. Byna alle beter bekende genetici, psigiaters en antropoloë het op een of ander tyd in sulke howe gesit en opdrag gegee vir die sterilisasies van 'n geskatte 400 000 Duitsers.

Vasektomie ('n vorm van manlike geboortebeperking) was die gewone sterilisasiemetode vir mans, en vir vroue, tubale afbinding, 'n indringende prosedure wat gelei het tot die dood van honderde vroue. Die "Bloedbeskermingswet" wat op 15 September 1935 in Neurenberg aangekondig is, het huwelike of seksuele verhoudings tussen Jode en nie-Joodse Duitsers gekriminaliseer. Kort daarna het Nazi-leiers biologiese segregasie 'n stap verder geneem en privaat die 'volledige emigrasie van alle Jode as 'n doelwit' bespreek.

[Uit https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/the-biological -state-nazi-racial-hygiene-1933-1939. Toegang op 21 Mei 2024 verkry]

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3C**

Die bron hieronder bespreek die Eutanasie (Genadedood)-program en hoe fisies gestremde en verstandelik gestremde kinders in Nazi-Duitsland in die 1930's–1940's hanteer is.

Die term "eutanasie" (genadedood) beteken letterlik "goeie dood". Dit verwys gewoonlik na 'n pynlose dood vir 'n chronies of terminaal siek individu wat andersins sou ly. Die "eutanasie"-program het, vir sistematiese doodmaak van pasiënte met verstandelike en fisieke gestremdhede wat in institusionele instellings in Duitsland en Duits-geannekseerde gebiede woon, geteiken.

Dit het in 1939 begin, sowat twee jaar voordat die Nazi's Europa se Jode as deel van die "Finale Oplossing" stelselmatig begin vermoor het. Die program was een van vele radikale eugenetiese maatreëls wat ten doel gehad het om die rasse-"integriteit" van die Duitse nasie te herstel. Dit het ten doel gehad om uit te skakel wat eugenetici en hul ondersteuners as "lewe onwaardig vir lewe" beskou het: daardie individue wat hulle geglo het as gevolg van ernstige psigiatriese, neurologiese of fisiese gestremdhede beide 'n genetiese en 'n finansiële las op die Duitse samelewing en die staat verteenwoordig het.

In die lente en somermaande van 1939, het 'n aantal beplanners begin om 'n geheime moordoperasie te reël wat gestremde kinders teiken. Hulle is gelei deur Philipp Bouhler, die direkteur van Hitler se private kanselarie (agentskap wat direk onder Hitler werk), en Karl Brandt, Hitler se behandelende geneesheer.

Op 18 Augustus 1939 het die Ryksministerie van Binnelandse Sake 'n dekreet gesirkuleer wat vereis dat alle dokters, verpleegsters en vroedvroue, pasgebore babas en kinders onder die ouderdom van drie jaar oud moet aanmeld wat tekens van ernstige geestelike of fisiese gestremdheid getoon het. Vanaf Oktober 1939 het openbare gesondheidsowerhede ouers van kinders met gestremdhede begin aanmoedig om hul jong kinders in een van 'n aantal spesiaal aangewese pediatriese klinieke regoor Duitsland en Oostenryk op te neem. In werklikheid was hierdie klinieke kinders se moordsale.

[Uit https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/euthanasia-program. Toegang op 25 Mei 2024 verkry]

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 3D

Hierdie is ’n foto van Helene Stephanie Lebel, gediagnoseer met skisofrenie (ernstige geestesongesteldheid). Sy was een van 9 772 persone wat in 1940 in die Brandenburgse “eutanasie”-sentrum vergas is.



[Uit https://encyclopedia.ushmm.org/images/large/fdb79b19-b2fe-41ea-9db5-10b256fbe713.gif. Toegang op 25 Mei 2024 verkry]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## ERKENNINGS


https://www.britannica.com/money/New-Economic-Policy-Soviet-history

https://alphahistory.com/russianrevolution/new-economic-policy-nep/

M. Fernandez et al, Focus History Grade 11, 2012

https://www.inquiriesjournal.com/articles/1670/lenins-new-economic-policy-what-it-was-and-how-it-changed-the-soviet-

https://www.britannica.com/summary/New-Deal-Causes-and-Effects .Accessed

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/the-biological -state-nazi-racial-hygiene-1933-1939

Uit https://www.history.com/topics/great-depression/works-progress-administration

https://www.dailysignal.com/2014/09/28/new-deal-end-great-depression/

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/nazi-racism-an-overview

https://encyclopedia.ushmm.org/images/large/fdb79b19-b2fe-41ea-9db5-10b256fbe713.gif

Uit https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/euthanasia-program .

https://encyclopedia.ushmm.org/images/large/fdb79b19-b2fe-41ea-9db5-10b256fbe713.gif


Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2024

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | 30%<br>(15) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | 40%<br>(20) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | 30%<br>(15) |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ’n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ’n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ’n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui



Hosted by www.ecexams.co.za.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

____________ . ______________________________ . ____________________

____________________ . ______________________________ . _____________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$ (omkring)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*



Hosted by www.ecexams.co.za.

## 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

## 2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat, wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Sommige weglatings in inhoudsdekking.
Poog om 'n argument vol te hou.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1 WAT WAS DIE IMPAK VAN LENIN SE NUWE EKONOMIESE BELEID OP DIE RUSSIESE EKONOMIE?

1.1 1.1.1 *[Definsie van ŉ historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Die Nuwe Ekonomiese Beleid was ŉ ekonomiese beleid aangeneem deur Lenin om die Sowjetunie van totale ineenstorting te red.
- ŉ Kompromiebeleid met kapitalisme wat geïmplenteer is om Rusland na oorlogskommunisme te help.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Beleid van Oorlogskommunisme het die nasionale ekonomie tot ŉ punt van totale ineenstorting gebring.
- Die Kronstadt Rebellie van Maart 1921. (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Die terugkeer van die meeste landbou, kleinhandel en kleinskaalse ligte nywerhede na privaat besit.
- Die Staat het beheer oor swaar vervoer, bankwese en buitelandse handel behou.
- Geld is in 1922 weer in die ekonomie ingebring.
- Kleinboere is toegelaat om hul eie grond te besit en te bewerk.

(Enige 3 x 1) (3)

1.1.4 *[Analise van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Die NEB het die Koelakke toegelaat om op ŉ opemark te verkoop.
- Dit het hulle toegelaat om iets te besit en vir hul werk beloon te word.
- Hulle het ŉ ryk klas boere geword.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Dit was ŉ tydelike verskuiwing van streng kommunisme na ŉ ontspanne vorm van sosialisme.
- Dit was ŉ kompromiebeleid as gevolg van die gemors waarin Rusland haarself bevind het as gevolg van oorlogskommunisme.
- ŉ Tydelike afwyking van Rusland se beleid van kommunisme na ŉ soort kapitalistiese soort ekonomie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Definsie van ŉ konsep uit Bron 1B – V2]*
- Rekwisisie verwys na die gedwonge graan-eise van die boere deur die regering in Rusland.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Om Rusland 'tyd' te gun om van haar ekonomiese probleme te herstel.
- Om Rusland te laat oorleef sodat kommunisme aan die einde kan wen.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Dit het tot die verbetering van Landbouproduksie gelei.
- Kleinboere het hul wins verhoog deur meer te produseer.
- Nuwe klasse van Koelakke en NEB-manne het na vore gekom.
- Nywerheidsproduksie het ook na die NEB toegeneem.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Koelakke
- NEB-manne (2 x 1) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 1928 (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 1921 (1 x 1) (1)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die NEB was 'n sukses / winsgewend.
- Dit het baie gedoen om die Russiese ekonomie te verbeter.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[Bepaling van beperkinge van Bron 1C – V3]*
**Die bron is beperk omdat:**
- Dit net die positiewe kant van die NEB toon.
- Dit is bevooroordeeld teenoor/ ten gunste van die NEB.
- Toon die standpunt van stoere ondersteuners van kapitalisme.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Die NEB is meesterlik ontwerp om kapitaal in die staat te bring, wat dit wel gedoen het. (1 x 1) (1)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Om kapitalisme in plek te hê totdat die ekonomie sterk genoeg was om sosialisme te bereik. (1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Kapitalisme sou lei tot die uitbuiting van Russiese werkers.
- Dit sal die klaslose samelewing vernietig.
- Die rykers sou ryker word, en die armes sou armer word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Lenin het voorgestel dat Sowjetmense teen die kapitaliste moet waak.
- Lenin het geglo dat kapitaliste die Russe sou dwing om hard vir hulle te werk.
- Hulle sal nie die winste wat hulle maak met die Russe deel nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C – V3]*

- Beide Bronne dui aan dat produksie ná die NEB verhoog het.
- Beide Bronne verwys na verbeteringe in lone van die nywerheidswerkers.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne -V3]*

- Die Sowjetunie se ekonomie het gekom as gevolg van Oorlogskommunisme tot stilstand (Bron 1A)
- Geforseerde graanrekwisisie het daartoe gelei dat die boere hul oeste en vee verbrand het (eie kennis)
- Die Kronstadt-rebellie deur die matrose het Lenin gedwing om NEB in te voer (Bron 1A)
- Lenin het besef dat die land ’n verskuiwing van streng sosialisme as ’n tydelike maatreël nodig het (Bron 1A)
- Die vervanging van graanrekwisisie met ’n vaste belasting het verbeteringe na die werkinstelling van die NEB gebring (Bron 1B).
- Boere is toegelaat om hul surpluses/oorskotte in die opemark te verkoop (eie kennis)
- Boere is gemotiveer om meer te produseer (eie kennis)
- Twee nuwe klasse het ontstaan, die Koelakke en die NEB-manne (Bron 1B)
- Dit is mense wat ryk geword het onder die stelsel van die NEB (Bron 1B)
- Daar was groei in produksie na die NEB (Bron 1C)
- Die groei in produksie tussen 1921 en 1928 was groot (Bron 1C)
- Winkels is weer oopgemaak aangesien klein besighede weer in privaat besit was (eie kennis)
- Geld het weer begin sirkuleer en lone vir stedelike werkers het gestyg. (eie kennis)
- Die ekonomie van Rusland het begin stabiliseer (eie kennis)
- Maar selfs Lenin het vrese gehad oor die kapitaliste wat die NEB ingebring het (Bron 1D)
- Hy was vasbeslote dat die Sowjet-mense teen die kapitaliste moes waak (Bron 1D)
- Ander Bolsjewiste het ook gevrees dat die NEB te veel verskuiwing in die manier waarop dinge in die Sowjetunie gedoen is, kan bring. (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord



Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of bewyse uit die bronne op ’n baie elementêre wyse onttrek **bv. toon geen of min begrip van die impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot ’n groot mate met die onderwerp verband hou **bv.**, **toon ’n mate van begrip van die impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon, **bv. demonstreer ’n deeglike begrip van die impak van Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid op die Russiese ekonomie.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(6)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 2: HOE HET ROOSEVELT SE NUWE BEDELING GEREAGEER OP DIE EKONOMIESE UITDAGINGS WAT DEUR DIE GROOT DEPRESSIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GESKEP IS VANAF DIE 1930's TOT DIE 1940's?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Om onmiddellike ekonomiese verligting te bewerkstellig sowel as hervormings in nywerheid, landbou, finansies, waterkrag, arbeid en behuising. (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2A – V2]*
- Laissez faire is 'n konsep wat sê los besigheid uit, VSA se tradisionele beleid.
- Dit was Amerika se beleid waarin daar 'n sterk oortuiging was om besigheid met rus te laat en nie te steur nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Works Progress Administration (WPA)
- Civilian Conservation Corps (CCC)
- National Recovery Administration (NRA) (3 x 1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die nuwe administrasie het ten doel gehad om die Amerikaanse ekonomie te verbeter deur die konsep van regeringsgereguleerde ekonomie.
- Dit het ook beplan om werk aan miljoene werklose Amerikaanse burgers te verskaf.
- Gemik daarop om die NRA te gebruik om industriële kodes te help vorm.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

(a) PWA het werk verskaf aan geskoolde konstruksiewerkers.

(b) FERA het direkte verligting aan hondredduisende mense versprei. (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- AAA
- CCC
- TVA
- Grondbewaringsdiens (Soil Conservation Service) (3 x 1) (3)

2.2.3 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2A – V1]*
- Vergoeding verwys na 'n soort terugbetaling vir 'n verlies of opoffering.
- Dit verwys na die proses om iemand halfpad na 'n verlies te ontmoet.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Roosevelt het Amerikaners oplossings belowe vir die probleem wat deur die Groot Depressie veroorsaak is.
- Roosevelt het geselsies langs die kaggelvuur gehou om die nasie gerus te stel.
- Roosevelt het Amerikaners aangemoedig om nie enigiets te vrees behalwe vrees nie.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Dit het mense weer aan die werk gesit.
- Dit het Kapitalisme gered.
- Dit het geloof in die Amerikaanse ekonomiese stelsel herstel.
- Dit het 'n gevoel van hoop in die Amerikaanse volk laat herleef.

(Enige 2 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die verklaring impliseer dat vir die sukses van die Nuwe Bedeling, aggressiewe stappe om die ekonomie aan die gang te sit, geneem moes word.
- Ekonomiese ineenstorting kan nie homself regstel nie, 'n poging om die ekonomie te help is nodig, hetsy deur besigheid of regering.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die Amerikaners wat deur die Nuwe Bedeling in diens geneem was, kon geld verdien om kos te koop.
- Die Amerikaanse bankstelsel is gereguleer om verlies aan spaargeld te vermy.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit het deur werk, verligting vir die lydende Amerikaners gebring.
- Maatskaplike toelae, werkloosheidversekering en welsyn voordele is aan die mense verskaf.
- Die Laissez faire beleid is verwyder.
- Die bankstelsel is hervorm.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Die prent toon die stryd wat Amerikaanse burgers ervaar het, geen werk, tougestaan vir gratis sop in plaas daarvan om vir hul gesinne te voorsien.
- Die prent toon dat die Nuwe Bedeling nie suksesvol was nie omdat sy werke vir 'n kort tydperk was.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4.2 *[Bepaling van bruikbaardheid van Bron 2D – L3]*
**Die bron is bruikbaar omdat:**

- Dit is ŉ primêre bron omdat die foto tydens die Groot Depressie geneem is.
- Die prent verskyn in talle historiese bronne.
- Dit beeld die impak van die Groot Depressie op die lewens van die gewone burgers van Amerika uit.
- Dit wys dat mans desperaat was en die gratis sop nodig gehad het aangesien hulle geen werk gehad het nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Vergelyking van Bron 2B en 2D – V3]*

- Die twee bronne weerspreek mekaar omdat Bron 2B sê dat werk in verskillende gebiede verskaf is, terwyl Bron 2D sê dat die mans wat in die tou staan almal werkloos was.
- Bron 2B stel die situasie in Amerika as ŉ goeie en progressiewe een voor, terwyl Bron 2D ŉ ander prentjie van desperate mans toon.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante Bronne – V3]*

- Die ineenstorting van die aandelemark in 1929 was die begin van die ergste Groot Depressie in die geskiedenis van die VSA (eie kennis)
- Menige mense het hul werk verloor soos maatskappye en besighede gesluit het (eie kennis)
- Herbet Hoover het geglo dat die situasie self reggestel sal word, en sy regering het niks gedoen om die situasie aan te spreek nie. (eie kennis)
- Roosevelt het die Amerikaanse mense ŉ Nuwe Bedeling belowe wat hulle gaan bystaan. (eie kennis)
- Die Nuwe Bedeling het gefokus op die 3 R'e, Verligting, Herstel en Hervorming. (eie kennis)
- Die Nuwe Bedeling is aangeneem om te help met die verbetering van die ekonomie van die Verenigde State van Amerika (Bron 2A).
- Die regering het ten doel gehad om die laissez faire beleid te beheer en wou die ekonomie reguleer. (Bron 2A)
- Verskeie agentskappe soos CCC, NRA en WPA is gestig om die VS se ekonomie te help
- Roosevelt het daarin geslaag om mense selfversekerd en optimities te maak oor die Amerikaanse ekonomie en bankstelsel. (Bron 2B)
- Hy het sy mense verseker dat hulle glad nie hoef te vrees nie (Bron 2B)
- As gevolg van die agentskappe is werk beskikbaar gestel (Bron 2B)
- Die Nuwe Bedeling het wel prestasies gehad, hoop is in die harte van Amerikaners geplant. (Bron 2C)
- Maar talle noem wel die feit dat die Nuwe Bedeling nie werklike verbeterings op die ekonomie aangebring het nie. (Bron 2C)
- Daar word gesê dat dit teenproduktief was (Bron 2C)
- Terwyl die Nuwe Bedeling reeds aan die gang was, het mans nogsteeds by gratis sopkombuise tou gestaan, werkloos. (Bron 2D)
- Die mans lyk desperaat en het hulp nodig. (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit die bronne op ŉ baie elementêre wyse **bv. toon geen of min begrip van hoe Roosevelt se Nuwe Bedeling gereageer het op die ekonomiese uitdagings geskep deur die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika van die 1930's tot die 1940's.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot ŉ groot mate met die onderwerp verband hou **bv.**, **toon ŉ mate van begrip van hoe Roosevelt se Nuwe Bedeling gereageer het op die ekonomiese uitdagings geskep deur die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika van die 1930's tot die 1940's.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre manier. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon, **bv. demonstreer ŉ deeglike begrip van hoe Roosevelt se Nuwe Bedeling gereageer het op die ekonomiese uitdagings geskep deur die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika van die 1930's tot die 1940's.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**


Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSETEORIEË OP NAZI RASSEBELEID IN DIE 1930's EN 1940's.**

3.1 3.1.1 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 3A – V2]*
- 'n Ariër is 'n term wat gebruik word om te verwys na die Duitse meesterras, mense met ligter vel, blonde hare en blou oë.
- Ariër is Duitse burgers, wat geglo het hulle ras is verhewe bo nie-Ariër. (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Jode
- Geestelik siek
- Nie-Ariërs
- Fisies siek (Enige 3 x 1) (3)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Nazi geneeshere het valse eksperimente uitgevoer om Ariese meerderwaardigheid en nie-Ariese minderwaardigheid te identifiseer. (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Duitsers het geglo dat nie-Ariërs minderwaardig is, hulle was bang dat swak gene oorgedra sou word en die meesterras sou bederf.
- Pseudo-wetenskaplike rassisme het 'geglo' in die meerderwaardigheid van sekere rasse en dat geestelik of fisies gestremde mense 'n las vir die staat is.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Die verklaring het geïmpliseer dat Duitsers bekommerd was dat die SS die sogenaamde "regte" vennote volgens ras moet kry.
- Volgens Duitsland, was huwelike tussen nie-Ariërs en Ariërs verbied aangesien hulle die Duitse ras 'suiwer' wou hou.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 3B – V1]*
- Diktatorskap verwys na 'n tipe reël waarin die leier al die magte het.
- Dit is 'n outokratiese reël, geen opposie word toegelaat nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Deur die wet vir die Voorkoming van Nageslag met Oorerflike Siektes uit te voer. (1 x 2) (2)

3.2.3 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Die Bloedbeskermingswet. (1 x 2) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Mense is tot sterilisasie gedwing.
- Selfs jongmense wat nie kinders gehad het nie, is gesteriliseer.
- Geen toestemming van die geaffekteerde invidue is geneem nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- "Goeie dood" (1 x 1) (1)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Dit het ten doel gehad om die rasse-"integriteit" van die Duitse nasie te herstel.
- Dit het ten doel gehad om uit te skakel wat eugenetici en hul ondersteuners beskou het as "lewe onwaardig om te lewe".

(2 x 1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Die mense wat in die program vermoor is, was nie terminaal siek nie.
- Dit is gebruik om die suiwer Duitser te bewaar.
- Dit was nie hulp aan diegene wat vermoor is nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Hulle het regeringsbevele gevolg.
- Hulle het in die eugenetika-teorieë geglo.
- Hulle het geglo dat die ongeskiktes 'n las vir die staat was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Die ouers sou nie ingestem het tot die toelating van hul kinders as hulle geweet het wat die redes vir die opname was nie.
- Hulle wou so veel mense moontlik doodmaak voordat enige weerstand hierteen begin het.
- Hulle wou nie hê dat die buitewêreld bewus moet wees van hierdie gruweldade nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2*]
- Sy is vermoor omdat sy geestelik siek was en dus 'n las vir die staat.
- Sy is deur die Nazi's gesien as 'n bedreiging vir die handhawing van die suiwer Duitse ras.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.4.2 [*Bepaal die betroubaarheid van Bron 3D – V3*]
**Die bron is betroubaar omdat:**
- Dit 'n foto van die slagoffer is; dit is 'n primêre bron.
- Die inligting kan met ander bronne bevestig word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.4.3 *[Vergelyking van Bron 3C en 3D – V3]*
- Beide bronne dui aan dat geestelik gestremde mense vermoor is om die rasse-integriteit van Duitsland te handhaaf.
- Beide bronne dui aan dat eutanasiegenadedoodsentrums as moordsale vir die siek kinders gebruik is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne]*
- Die Nazi's se rassebeleid was gebaseer op pseudo-wetenskaplike rassisme en die eugenetika (Eie kennis)
- Die Duitse beleid is aangevuur met rassisme waarin meerderwaardige rasse sukkel om die minderwaardige rasse te oorheers (Bron 3A)
- Duitsers het geglo in die bestaan van 'n Ariëse ras; Duitsers se meesterras (Bron 3A)
- Duitsers het 'n ernstige haat teenoor die Jode gehad (Bron 3A)
- Mense wat gestremd is, is nie toegelaat om geboorte te skenk nie uit vrees vir die oordrag van daardie siektes na die nageslag (Bron 3B)
- Duitsers se grootste bekommernis was die suiwerheid van die Duitse bloed (Bron 3B)
- Groepe wat as minderwaardig geïdentifiseer is, sluit, Afrikane/swartes, Roma, sigeuners, Jehovahgetuies en ander in (Eie kennis)
- Sterilisasie vir alle ongeskiktes is met geweld gedoen (Bron 3B)
- Nog 'n 'pynlike' stap wat Duitsers geneem het, was eutanasie, wat as genadedood beskou is (Bron 3C)
- Teikens van hierdie proses was verstandelik- en fisiek gestremdes (Bron 3C)
- Kinders wat tekens van geestesversteurings of gestremdheid toon, is in moordsale opgeneem (Bron 3C)
- Menige kinders is vermoor net omdat hulle Joods was (Bron 3D)
- Propaganda is deur die Nazi's gebruik om hul teorieë te bevorder (Eie kennis)
- Die finale oplossing was 'n besluit om al die Jode in Duitsland dood te maak
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit die bronne op ’n baie elementêre wyse **bv**. **toon geen of min begrip van die impak van pseudo-wetenskaplike ras teorieë op Nazi-rasbeleide in die 1930’s en 1940’s**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot ’n groot mate met die onderwerp verband hou **bv**., **toon ’n mate van begrip van die impak van pseudo-wetenskaplike teorieë op Nazi-rasbeleide in die 1930’s en 1940’s.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon, **bv**. **demonstreer ’n deeglike begrip van die impak van pseudo-wetenskaplike rasteorieë op Nazi-rasbeleide in die 1930’s en 1940’s.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 TOT 1940:

*[Gebruik analitiese en interpretatiewe vaardighede en beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling dat Joseph Stalin die Sowjet-ekonomie verbeter het deur die reeks Vyfjaarplanne teen die einde van 1939. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet ŉ standpunt inneem deur aan te dui of hulle saamstem of saamstem met die stelling nie. Hulle moet ook aandui hoe hulle van plan is om hul argument te ondersteun.

### UITBREIDING

- Stalin se opposisie teen die NEB – onttrekking van die NEB
- Stalin se doelwitte – Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning
- Rol van Gosplan
- **Eerste Vyfjaarplan:** spesiale fokus op industrialisasie
- Doelwitte en prestasies: Bou van fabrieke en die ontwikkeling van vervoer
- Die vervaardiging van landboumasjinerie moet tot 400% verhoog word
- Meer as 1 500 fabrieke is gestig bv. trekkerfabrieke by Stalingrad en motorfabrieke in Moskou
- Steenkoolmynbou en metaalbedryf is uitgebrei
- Die ontwikkeling van hidro-elektriese krag was ŉ groot stimulus vir nuwe nywerhede
- Groot stede is gestig
- Die bestaan van 26 miljoen kleinboere het ŉ probleem in die landbou geskep aangesien die grootte van hul eenhede nie die gebruik van landboumasjinerie regverdig nie
- Die kleinboere was nie bereid om hul grond prys te gee, of bereid om te moderniseer nie
- Stalin het kollektivisering ingestel
- Koelakke was gekant teen kollektivisering – wat tot ŉ afname in landbouproduksie gelei het
- Koelakke is as ŉ klas uitgemoor en kollektivisering is afgedwing
- Resultate was die tekort aan vleis en suiwelprodukte
- Ongeveer 2 miljoen mense het gesterf as gevolg van kollektivisering


Hosted by www.ecexams.co.za.

- **Tweede Vyfjaarplan:** Stalin het voortgegaan om die ontwikkeling van swaar nywerhede te beklemtoon.
- Die aksent het op die produksie van verbruikersgoedere geval.
- Vervoer is gemoderniseer
- Die landbouplan het ten doel gehad om kollektivisme meer aanvaarbaar vir die kleinboere te maak deur aanpassings by kollektiewe plase te maak
- Boere moes nou net ŉ kwota van hul produksie aan die Staat oorhandig.
- Opofferings is van Russiese werkers verwag
- Benewens kollektiewe plase was daar die ontwikkeling van staatsplase, wat soos fabrieke gefunksioneer het, dit wil sê werkers is lone betaal en bestuurders het die ondernemings bedryf
- ŉ Verdere kenmerk van die tweede Vyfjaarplan was die gebruik van kunsmis, landboumasjinerie en moderne landboupraktyke
- **Derde Vyfjaarplan en die Tweede Wêreldoorlog:** Hierdie plan was basies ŉ voortsetting van die eerste twee planne
- Die bedreiging van WW2 het daartoe gelei dat groter aandag aan die vervaardiging van wapens en ammunisie gegee is
- Impak op ekonomie
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA, 1900–1940: IMPAK VAN EN REAKSIES OP DIE KRISIS VAN KAPITALISME.

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en Interpretatiewe vaardighede gebaseer op relevante bewyse].*

**SINOPSIS**

Kandidate moet die ekonomiese en sosiale impak van die Groot Depressie krities bespreek en hoe die Verenigde State van Amerika daarop gereageer het. Kandidate moet historiese bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet die ekonomiese en sosiale impak van die Groot Depressie krities bespreek en hoe die Verenigde State van Amerika daarop gereageer het.

**UITBREIDING**

- Paniek begin in Amerika
- Bankmislukking
- Mense het al hul spaargeld verloor
- Selfmoord uit desperaatheid
- Mense haweloos, kon nie verbande of huur betaal nie
- Baie het na informele nedersetting gegaan
- Boere ook swaar getref
- Pryse het te veel gedaal weens oorproduksie
- Die aanvraag het vreeslik gedaal
- Stofkom ("Dust Bowl") van die 1930's-tref boere
- Swak boerderymetodes en droogte het situasie vererger
- Plase verlate; lenings kon nie betaal word nie
- Werkloosheid en wanhoop
- Sakemislukking gevolg deur afleggings
- Sluiting van baie besighede
- Geen sosiale sekerheid en werkloosheidsversekering nie
- Werkloses het in broodrye gewag vir gratis kos van liefdadigheidsorganisasies
- Hawelose mense het klein hutjies gebou genaamd "Hoovervilles"
- Hoover het in selfstandigheid en individualisme geglo
- Het minder gedoen om die situasie te help (Hoover)
- 1932 Franklin D. Roosevelt het saamgesmelt met die 'Nuwe Bedeling vir die vergete burger'
- Amerikaanse burgers gemotiveer
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE 19de EN 20ste EEU: GEVALLESTUDIE – HITLER EN DIE JODE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en Interpretatiewe vaardighede gebaseer op relevante bewyse.]*

### SINOPSIS

Deur hierdie opstel te skryf, behoort kandidate te kan sê tot watter mate Nazi - Duitsland die rasse-idees en eugenetika gebruik het om die regte van alle nie-Ariërs en ongewenstes van 1933 tot 1945 te teiken en te skend.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui tot watter mate die Nazi-Duitsland die rasse-idees en Eugenika gebruik het om die regte van alle nie-Ariërs en ongewenstes van 1933 tot 1945 te teiken en te skend. Hulle moet hul argument ondersteun met relevante historiese bewyse.

### UITBREIDING

- Hitler en Nazi-party en Hitler se diktatorskap
- Propaganda en die bevordering van die meerderwaardigheid van die suiwer Ariese ras.
- Eugenetika en die Nazi se rasse-idees.
- Anti-Semitisme in Duitsland
- Nag van die "gebreekte glas"
- Boikot van Jode se Besighede
- Jode blameer vir alle Duitse probleme en ongelukke
- Hitler was vasbeslote om Nazi Duitsland vry te maak van Jode
- Neurenbergwette
- Rasse-stereotiperingsondebok
- Ander nie-Ariërs is ook geteiken
- Die Sigeuners is daarvan beskuldig dat hulle misdadigers is
- Hulle is nie toegelaat om met Ariërs te trou nie
- Hulle is na konsentrasiekampe of ghetto's gestuur waar hulle van honger gesterf het en vergas en vermoor is
- Donkervellige Duitsers: Dit het kinders ingesluit wat ouers van verskillende rasse gehad het
- Hierdie kinders is die 'Rhineland bastards' genoem
- Jehovah se Getuies: Hulle was 'n Christelike groep, en hulle is geteiken omdat hulle geweier het om lojaliteit aan die staat te sweer, of te aanvaar wat die Nazi's geëis het
- Hulle het nie toegelaat dat hul kinders by Hitler se saamtrekke aansluit nie
- Hulle is dus na die tronke of konsentrasiekampe gestuur
- Hulle is vervolg omdat hulle geweier het om in die Duitse militêre magte te dien
- Homoseksuele: Nazi's het geglo hulle pas nie by die idee dat Ariërs moet trou nie en kinders voortbring
- Die Gestapo het 'n spesiale eenheid gehad wat homoseksuele gehanteer het

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

- Hulle is na konsentrasiekampe gestuur, gekastreer of selfs vermoor
- Die “finale oplossing”
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met ’n relevante slot saamvat **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.